

# Die Keuse

Waar kom 'keuse' vandaan en wat om daarmee te doen?

Kom ons kyk eers wat is 'n keuse. 'n Keuse is 'n daad wat plaas kan vind deur om te kies. Gewoonlik sal 'n keuse gemaak word tot eie voorkeur oor iets wat volgens jou keuse is. 'n Keuse word ook gemaak waarvan jy hou of verkieslik vind vir die omstandigheid. As 'n mens 'n keuse wil maak verwag hy gewoonlik 'n verskeidenheid van keuses om uit te kies. Gewoonlik wag die persoon vir die geleentheid en vryheid om reg te kan kies. Die teenoorgestelde kan ook wees dat iemand vir jou 'n keuse kan doen. Na jy 'n keuse gemaak het kan jy dit nie terugtrek sonder reaksie nie. Keuses skep verpligtinge en verantwoordelikhede wat na gekom moet word.

In die begin het ons ALMAGTIGE en EWIGE VADER die heelal gespreek. VADER het besluit dat HY 'n Seun gaan genereer om HOM by te staan. Nie dat HY Hom nodig het nie, maar meer om HOM te verteenwoordig. VADER het besluit dat SY Seun ook mag skep soos HY. HY trek toe 'n kring af vir SY Seun om te skep(Job.26:10; /Spr.8:27) Die Seun het toe begin skep en skape soos dit VADER behaag. Die Seun van VADER het niks gedoen sonder VADER se teenwoordigheid of goedkeuring nie(Joh.5:19,30; /8:28). Alles wat die Seun geskep of skape het, het Hy gesê: dit was goed(Gen.1:10-31). Ja die Seun was lief en tevrede met Sy skepping. Hy het aan alle lewe wat Hy geskep of geskape het op aarde die opdrag gegee gaan en vermeerder.

Nou hier begin die kringloop van 'keuses' op aarde.

Toe YHUH geskep het op aarde was alles as volwasse en volmaak geskep. Daar was nie iets of iemand wat nog moes groei tot volwassenheid nie, want hulle het na hulle geskape was die opdrag gekry "*gaan en vermeerder*". So het soort by soort gebly en vermeerder, maar bo en behalwe het YHUH ook sekere (afsonderlike) opdragte aan hulle gegee soos dit staan in: *Gen 1:27 En Gød (Skeppers) het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van Gød (Skeppers) het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. Gen 1:28 En Gød (Skeppers) het hulle geseën, en Gød(Skeppers) het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

*Gen 1:29 Verder het Gød (Skeppers) gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.*

*Gen 1:30 Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so.*

Dus het alles op aarde opdragte ontvang tot 'lewe' en ook om te laat lewe.

YHUH gee toe aan die mens Adam en sy hulp Eva 'n opdrag dat hulle nie met 'n spesifieke boom (Lusifer) te doen moet hê nie. Hulle moet hom vermy en geen kontak met hom hê nie. Ek wil amper noem dat YHUH die boom (Lusifer) daar geplaas het tot gehoorsaamheid tot Hom. Lusifer soos baie ander gerubs en boodskappers het sekere take gehad waarvan Lusifer nie tevrede was om onderdanig aan Adam te wees nie.

In Gen.3 lees ons Satan se sluhed om orde om te krap deur die te verlok om verkeerdelik keuses te maak.

*Gen 3:5 maar God(Skepper) weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God(Skepper) sal wees deur goed en kwaad te ken.*

*Gen 3:5 For God(Creator) doth know that in the day ye eat thereof, then your eyes shall be opened, and ye shall be as gods, knowing good and evil.*

ורע טוב, ידעי, כאלהים, והייתם; עיניכם ונפקחו, ממנו אכלכם ביום כי, אלהים ידע, כי

Gen 3:5 lees as volg uit die Hebreeuse skrif: Omdat, Skepper (YHUH) weet, die dag wanneer julle van my(Lusifer)eet, sal beide julle oë oopgemaak word; en jy(Eva)as onskuldige, as gode, in te lig, van die goeie en slegte.

*Gen 3:6 Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.*

*Gen 3:6 And when the woman saw that the tree was good for food, and that it was pleasant to the eyes, and a tree to be desired to make one wise, she took of the fruit thereof, and did eat, and gave also unto her husband with her; and he did eat.*

ותרא האשה כי טוב העץ למאכל וכי תאוה-הוא לעינים, ונחמד העץ להשכיל, ותקח מפריו, ותאכל; ותתן גם-לאישה עמה, ויאכל

Gen.3:6 lees as volg uit die Hebreeuse skrif: Toe die vrou gesien het dat die boom(Lusifer) eetbaar is en goed was vir voedsel, so ook 'n lus (passie) is om te begeer met die oë tot wysheid(om belig te word), 'n mooi boom om van te leer, en sy het gevat van die vrug, en geëet; en so ook aan haar man gegee.

In die gelese verse kan ons die seksuele daad sien wat die Adamiet uit die tuin van Eden verban het as volg:

Lusifer weet dat Eva onkundig was in seks en so ook in oordeel het hy haar genader. hy het baie woorde tot haar gespreek totdat sy uit haar eie besluit het dat Lusifer ryk is aan wysheid en verstand is. Sy het deur sy woorde aandagtig begin luister. Bo en behalwe haar verstand wat gevul word deur woorde om te hoor het Lusifer haar oë ook tevredeheid gegee om te sien wat hy haar aanbied. Haar hele wese het oorgegaan tot verlustiging om te weet en te ondervind wat vir haar nou gaan voorlê na die seksuele daad. Wat Lusifer vir haar ook al gewys het kon sy nie nee voor sê nie, want dit word beskryf dat lus en mooiheid aan die 'boom' hang.

Sy het toe toegelaat dat Lusifer haar aanraak(innerlik en uiterlik)en haar mislei tot 'n daad waarteen YHUH hulle gewaarsku het. Na die daad het sy dit aan Adam vertel en hom in die valstrik ingelei en so ook met hom 'n seksuele daad gepleeg.

Onmiddellik na die daad het hulle oë soos Lusifer haar beloof het oop gegaan. Hulle as onskuldige 'gode'(Joh.1034,35)was valslik ingelig deur Lusifer.

Nou kan die vraag gevra word, maar watter oog of oë word hier van gepraat? Ons kan verskillende aspekte vergelyk om tot 'n konklusie te kom nl: Die oog of uitlooplek van die stam van 'n aartappel; die oog van 'n naald of die oog van 'n fontein. Ons kan dit ook sien as die geboorte plek of die bron van ontstaan. As die oog ontstaan kan dit nie meer gestop word nie, want lewe spruit daaruit(dit kan wel gedood of gemanipuleer word).

Eva(soos Adam)se oog is oopgemaak deur haarself en Lusifer. Tog het Eva saam met Adam geheers, as gode, vir 100 jaar waar sy toegelaat het dat haar fontein versteur mag word wat lewe en dood(goed en kwaad; Abel en Kain)na vore kan kom(130 jaar was Adam met Set).

Wat ek probeer deurgee is dat seks Adam en Eva uit die tuin verban het. Dus as seks hulle daaruit verban het moet ons besef dat die teenoorgestelde ons weer toelating sal gee. Dit eers daar gelaat.

Om terug te kom oor die 'keuse'. Soos bo uitgewys het ons as Adamiete baie ontvang om oor te heers en ook om besluite daarvoor te maak. Ek vat 'n voorbeeld; 'n vrou word verwagting, sonder menslike hand of beheer begin lewe in haar vorm. Van 'n klein kolletjie(so klein soos 'n pen se punt)binne in die baarmoeder vorm 'n nuwe lewe.Vir nege maande sorg YHUH vir daardie lewe binne in die vrou sonder enige hulp. Met geboorte gee Hy daardie lewe wat aan Hom behoort aan die mens om hom(of haar) groot te maak vir Hom tot 'n kind wat aan VADER behoort. Min besef dat daardie nuwe lewe 'n kind van VADER is. Nou moet die regte keuses gedoen word om VADER se edelsteen te poleer en te beskerm (nege maande was hy onder YHUH se beskerming; die volgende 9 jaar is die fondament wat gebou moet word vir die kind se toekoms; die volgende 9 jaar rus op die ouers om die kind die regte keuses te leer sodat hy/haar dit kan maak in sy lewe wat voorlê; dan kom die 70 jaar daarna om keuses te maak om die pad te stap op aarde).

Nou 'n baie groot persentasie Adamiete maak keuses tot oorlewing of self bestaan, en dus begin hulle weg van daardie beginpunt wat YHUH in die baarmoeder toegelaat het. As ons nie by VADER begin nie is alle pogings doelloos. VADER moet gevra word, en deur SY toelating sal YHUH dit daar plaas sodat lewe daaruit kan voortspruit. As VADER deur SY Seun (YAHUSHA) of seuns (boodskappers) werk sal dit so gebeur. Alles wat van VADER kom is suiwer en rein.

In Jak.3:11 lees ons: 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 3:12 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie

Wat Jakobus deurgee is dat dit wat van VADER kom "vars en suiwer" is. Wat Adam en Eva voortgebring het was gesteurde water uit een fontein !  
Gen 3:22 Toe sê ~~die~~ ~~HERE~~ God YHUH ons Skepper: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!

Gen 3:22 ~~And the LORD God~~ YHUH ouer Creator said, Behold, the man is become as one of Us, to know good and evil: and now, lest he put forth his hand, and take also of the tree of life, and eat, and live for ever:

"Laat die mens sy hand uitsteek" en ook neem en eet. M.a.w. die mens het reeds ontvang by satan(wat lei tot die dood)en daarom die versoek van YHUH dat die mens by Hom ook moet kom ontvang(wat lei tot die ewige lewe).

Nou wat moet ons ontvang of doen wat lei tot die ewige lewe ?

Joh 6:35 En Jesus YAHUSHA sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. 7:37 ... Jesus YAHUSHA ...sê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!

Joh 14:6 Jesus YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.14:23 Jesus YAHUSHA antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy My woord bewaar, en My VADER sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.

Mat 11:28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

Jes.1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê ~~die~~ ~~HERE~~ YHUH: al was julle ~~sondes~~ oortredinge soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Hos.6:1 Kom en laat ons terugkeer tot ~~die~~ ~~HERE~~ YHUH; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.

Job.36:10 dan open Hy hulle oor vir die tugtiging en sê dat hulle moet terugkeer van ongeregtigheid.

Jer.15:19 Daarom, so sê ~~die~~ ~~HERE~~ YHUH: As jy terugkeer, sal Ek jou laat terugkeer, sal jy voor My aangesig staan; en as jy voortbring wat edel is, en niks onedels nie, sal jy soos My mond wees. Laat hulle na jou terugkeer, maar jy moet nie na hulle terugkeer nie..24:7 En Ek sal hulle 'n hart gee om My te ken, dat Ek ~~die~~ ~~HERE~~ YHUH is; en hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n ~~God~~ Skepper wees, want hulle sal na My terugkeer met hul hele hart.

Moet nie gees of vleeslik hoereer nie volk van YHUH, want dit weerhou jou om terug te keer na Hom!

Kom ons lees wat Jesaja vir ons deurgee.

Jes. 42:1 Daar is MY Kneg wat EK ondersteun, MY Uitverkorene in wie MY siel 'n welbehae het. Ek het MY Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring. Jes.4:2; 7:14; 9:5; 11:12;49:5+; 50:4+; 53:1+;54:1+ VADER spreek SY welbehae uit oor YAHUSHA SY Boodskapper

Jes. 42:2 Hy sal nie skreeu of uitroep of Sy stem op die straat laat hoor nie. :3 Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring. :4 Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie; en die eilande wag op Sy leer.

VADER spreek oor wat YAHUSHA gaan kom doen en ons as afgesonderdes moet wag op Sy leer.

Jes. 42:5 So sê ~~God~~, (SKEPPER) ~~die HERE~~, (VADER) wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel:6 Ek, ~~die HERE~~(VADER), het U(YAHUSHA) geroep in geregtigheid, en Ek vat U hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies, :7 om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker (begraafplaas/lewende dood) uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit.

VADER wys uit wat HY gedoen het en wat is YAHUSHA se taak, en dat Hy ons verbond is by VADER

Jes. 42:8 Ek is ~~die HERE~~(YHUH), dit is my Naam; en MY eer sal Ek aan geen ander gee, of ook MY lof aan die gesnede beelde nie.

Hier maak dié Seun(YAHUSHA)van VADER Homself bekend.

Jes. 42:9 Kyk, die vorige dinge het gekom, en nuwe dinge verkondig Ek; voordat hulle uitspruit, laat Ek julle dit hoor. :10 Sing tot eer van ~~die HERE~~ (VADER) 'n nuwe lied, SY lof van die einde van die aarde af—julle wat op die see vaar, en alles wat daarin is, eilande en bewoners daarvan. :11 Laat die woestyn en sy stede uitroep, die dorpe waar Kedar woon! Laat die rots bewoners jubel, van die top van die berge af skreeu! :12 Laat hulle aan ~~die HERE~~ (VADER) die eer gee en SY lof in die eilande verkondig!

Die Seun YAHUSHA gee erkenning aan VADER

Jes. 42:13 ~~Die HERE~~ (VADER) sal uittrek soos 'n held; Hy sal die ywer opwek soos 'n krygsman; Hy sal die strydkreet aanhef, ja uitskreeu, teen SY vyande Hom as held openbaar. :14 Ek het baie lank geswyg, My stil gehou, My bedwing. Ek sal uitskreeu soos een wat baar, Ek sal hard asemhaal en hyg tegelykertyd.:15 Ek sal berge en heuwels woës maak en al hulle plante laat verdroog; en Ek sal riviere tot eilande maak en waterplasse laat opdroog.

*Jes.42 :16 En Ek sal blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat Ek doen en nie nalaat nie.*

YAHUSHA gee uiting oor Sy gevoel.

*Jes. 42:17 Maar die wat op gesnede beelde vertrou, wat aan gegote beelde sê: Julle is ons gode—dié sal agteruitwyk, diep beskaamd staan. 42:18 Hoor, julle dowes, en kyk, julle blindes, om te kan sien. 42:19 Wie is ~~blind~~(wakker) ~~buiten~~(as) My kneg en ~~doof~~(nederig) soos My boodskapper wat Ek stuur? Wie is ~~blind~~(wakker) soos die vertroude vriend, en ~~blind~~(wakker) soos die kneg van ~~die~~ HERE VADER ?*

Duidelik wys YAHUSHA VADER uit

*Jes. 42:20 Jy het wel baie dinge gesien, maar daar geen ag op gegee nie; die ore oop gehad, maar jy hoor nie. 42:21 Dit het ~~die~~ HERE VADER behaag ter wille van SY geregtigheid om die onderwysing groot en ~~heerlik~~ (lofprijsing) te maak. 42:22 En tog is dit 'n beroofde en geplunderde volk; hulle is almal gebonde in kerkers, (begraafplase) verborge in gevangnisse; hulle het 'n buit geword sonder dat iemand red, 'n plundering sonder dat iemand sê: Gee terug! 42:23 Wie onder julle luister na hierdie dinge? Wie merk op, hoor dit ook vir die toekoms? 42:24 Wie het Jakob oorgegee as 'n plundering en Israel aan die berowers? Is dit nie ~~die~~ HERE VADER teen wie ons ~~gesondig~~ wette oortree het nie? En hulle wou in SY weë nie wandel nie en het na SY wet nie geluister nie. 42:25 Daarom het Hy oor hulle uitgestort die gloed van SY toorn en die geweld van die oorlog; en dit het hulle rondom aan die brand gesteek, maar hulle het dit nie bemark nie; en dit het hulle gebrand, maar hulle het dit nie ter harte geneem nie.*

Hier het ons gelees waar Jesaja praat.

'n Kort stukkie uit 63 en ander:

*Jes. 63:8 Want Hy het gesê: Hulle is tog My volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle 'n ~~Heiland~~ Redder geword. :9 In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel(YAHUSHA) van SY aangesig het hulle verlos; deur SY liefde en deur SY medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.*

*Jes 5:1 Laat My(VADER) tog sing van My Beminde;(Seun) 'n lied van My Beminde(Seun) oor Sy wingerd(Israel)!...*

*Jes 6:8 Daarop hoor ek die stem van ~~die~~ Here YHUH wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons(VADER en YHUH dié Seun) gaan?*

*Jes 10:12 Maar as ~~die~~ HERE VADER al SY werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek(YAHUSHA) besoeking doen....*

VADER het 'n taak wat HY gaan voltooi op aarde dan weer SY Seun YAHUSHA stuur.

Luister nou mooi tot openbaring.VADER het vir Hom 'n Seun gegeneer wat HOM kan bystaan *Ps.2:7*. Sy Seun(YHUUH-SHA)moet HOM bystaan in ontvangs van opdragte en so ook om boodskappe(VADER se Boodskapper) deur te kan gee.*Gen.16:10,11; Rig.2:1,4; Mal.3:1; Joh.1:18; / 5:36; / 10:36.*

VADER het YAHUSHA(YHUUH op daardie tyd) aangestel as Hoof en Heerser oor die ander boodskappers(seuns)*Matt.24:30,31; / 16:27; / 13:14; 1Pet.3:21,22.* VADER het vir YAHUSHA ook skeppingsmag gegee *Job.26:10; Spr.8:21-31; Joh.1-3; 1 Joh.1-3* wat Lusifer baie jaloers gemaak het. *Jes.14:12-14.*

YAHUSHA was die eerste en die laaste. YAHUSHA was die eerste Boodskapper(Seun)van VADER waarvan VADER Hom later oor SY ander boodskappers aangestel het as Heerser en bevelvoerder oor hulle. YAHUSHA was ook eerste om as 'mens' gebore te word op aarde waarvan VADER Hom ook die gegee het wat YAHUSHA geskape het.

Dus luister nou mooi. YAHUSHA is die enige gebore, eersgebore en so ook die laas gebore uit 'n (mens)vrou. VADER gaan nie weer 'n volgende boodskapper stuur om dit te kom doen wat YAHUSHA gedoen het nie. Dus is YAHUSHA die eerste en so ook die laaste Een, die Alfa en die Omega die begin en die einde. *Open.1:8,11,17; / 2:8; / 21:6; / 22:13.* Ons kan dit nie aan VADER koppel nie, want ons weet niks van VADER nie! Daar is net een VADER, maar daar is baie boodskappers(seuns)waarvan YAHUSHA dié uitverkore een is van al die seuns. VADER kan tog nie jou broer wees soos YAHUSHA was nie.*Matt.12:50; / Joh.15:15* VADER kan tog nie die Eersgebore wees nie, want ons weet niks van HOM af nie. Dink net by jouself, indien VADER op aarde moes wees, wie was vir 33 jaar in die hemel waarna HY moes bid en antwoorde moes kry soos "waarom het U MY verlaat" *Ps.22:1; / Matt.27:46 / Mark.15:34* "laat die beker My verby gaan"*Matt.26:39; / Luk.22:42.* Die stem uit die hemel ens.

Wat ook vir my interessant is, is dat baie nie wil glo dat YAHUSHA opgestaan het en op gevaar het en gaan sit het aan die regterhand van VADER nie, maar tog glo hulle dat wanneer hulle sterf 'hulle' weer gaan opstaan eendag en aan VADER se regterhand sal wees. Baie gelowe soos die Jode, Moslems, Hindoe, ens glo dat daar weer lewe anderkant die dood is en dat hulle daar voort kan gaan met lewe, maar dat YAHUSHA dit kon doen en beskryf is van Hom in die Skrif, is nie moontlik nie!

Dwase is die wat hoor en 'n keuse moet maak en dit nie doen nie, of moet ek sê, "dit is nie vir hulle nie". Die Skrif sê tog duidelik: Gaan uit haar uit *Open.18:4 Joh 17:1* Dit het Jesus-YAHUSHA gespreek, en Hy het Sy oë na die hemel opgehef en gesê: VADER, die uur het gekom; ~~verheerlik~~ verhoog U Seun, sodat U Seun U ook kan ~~verheerlik~~ verhoog - :2 soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. :3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God SKEPPER, en YAHUSHA dié GESALFDE wat U gestuur het.